

Gereformeerde Kerk Bellville – 20 Augustus 2017 – Aand

Sing vooraf staande: Skrifberyming 5-4:1, 2 (Sb 10)

- 1 Wie kan ons voor die regter daag? / Gods uitverkore kind verklaag?
Waar is die mond wat durf verdoem / as God sy kind regverdig noem?
- 2 Dis Christus wat die skuld wou dra, / die dood vir ons gesterf het, ja,
wat, opgewek, in glorie sit / en altyddeur vir ons wil bid.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 75:1, 2, 4 (p. 377)

- 1 U alleen, U loof ons bly – / ja, ons jubel tot u eer!
Want u Naam is, troue HEER, / vir u volk tot troos naby.
Daarom roem ons in ons land / al die wonders van u hand.
- 2 Al vertoef Ek, spreek die HEER; / al gaan jare langsaam om –
Eind'lik sal my regsdag kom, / en dan daal my oordeel neer.
Wat ook wankel – deur my hand / bly die aarde^oin vaste stand.
- 4 Die verlossing, roem en eer / kom nie uit woestyne ver,
nie uit oos of weste her; / want die Regter is die HEER.
Hy sit bo die hemelboog – / Hy verneder en verhoog.

Gebed

Skrifberyming 7-1:1, 3 (Sb 31)

- 1 Toe sien ek teen die bloue vert' / 'n ruiter op sy haelwit perd; / en 't was om Hom stormagtig,
want Hy, die ruiter, voer sy stryd / en oordeel in geregtigheid; / sy Naam is: Trou, Waaragtig.
Sy oog is soos 'n vlam van vuur, / sy krone skitter in die uur / van langverwagte^ooorwinning.
Sy Naam, diep met sy wese een, / deurgrond geen mens, net Hy alleen / in held're selfbesinning.
- 3 Hy sal nou met 'n ysterstaf / sy vonnis oor hul, streng en straf, / met oordeelsdaad bekragtig.
Hy trap die parskuip met sy voet, / en bring oor hul in volle gloed / die toorn van God almagtig.
En op sy kleed met bloed geverf, / en op sy heup wat heil verwerf, / staan daar 'n Naam der ere:
dié oorlog het die pleit beslis / dat Hy die "Hoogste Koning" is, / die "Heer van alle here"!

Skriflesing: 1 Tessalonisense 5:1-11; Heidelbergse Kategismus, Sondag 19:52

Kernvers: 1 Tessalonisense 5:8-10

Maar laat ons wat van die dag is, nugter wees, met die borswapen van geloof en liefde aan, en as helm die hoop op die saligheid. Want God het ons nie bestem tot toorn nie, maar om die saligheid te verkry deur onse Here Jesus Christus wat vir ons gesterf het, sodat ons, of ons waak en of ons slaap, saam met Hom kan lewe.

(1 Tessalonisense 5:8-10 AFR53)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 52: Hoe word jy getroos deur die wederkoms van Christus om die lewendes en die dooies te oordeel?

Antwoord: Dat ek in alle droefheid en vervolging dieselfde Persoon met gespanne afwagting as Regter uit die hemel verwag (a) wat Hom tevore in my plek voor die regbank van God gestel en alle vervloeking van my weggeneem het. Verder: dat Hy al sy en my vyande in die ewige verdoemenis sal werp (b), maar my, saam met al die uitverkorenes, na Hom in die hemelse blydskap en heerlikheid sal neem (c).

(a) Fil 3:20; Luk 21:28; Rom 8:23; Tit 2:13; 1 Tess 4:16. (b) Matt 25:41; 2 Tess 1:6. (c) Matt 25:34; 2 Tess 1:7.

Tema: Christene is nie bang vir die einde van die wêreld nie

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, vanaand kom ons by die laaste deel van Christus se verlossingswerk wat Hy in sy verhoging sal doen – sy wederkoms as Regter na hierdie aarde. Dikwels word gepraat oor die einde van die wêreld. Sommige mense hou daarvan om die profesieë oor die laaste dae te bestudeer. Op grond van hulle studies waag hulle selfs om voorspellings te maak oor wat wanneer sal gebeur. So gebeur dit ook dat daar al deur die jare baie mense was wat die datum van Christus se wederkoms probeer bepaal het. Party het nie net probeer nie – hulle was so voor op die wa genoeg om selfs die datum bekend te maak. En telkens moes hierdie voorspellers met rooi gesigte erken dat hulle verkeerd was.

Dit is as gevolg van hierdie spekulasies oor die wederkoms van Jesus van sogenaamde voorspellers dat mense óf bang word oor die wederkoms óf hulle kry net meer skietgoed om te spot met die Christelike geloof. Die gespot oor die wederkoms van Christus is nie iets nuuts nie. In die tweede brief van Petrus hoor ons dat daar in daardie vroeë jare van die kerk al spotters was. Toe al het hulle gesê:

Waar is die belofte van sy wederkoms? Want vandat die vaders ontslaap het, bly alles soos dit was van die begin van die skepping af. (2 Petrus 3:4 AFR53)

Die vraagsteller het ook vrae oor die wederkoms, want die gelowige het met oortuiging bely dat Christus weer sal kom om die lewendes en die dooies te oordeel. Omdat daar so 'n verskeidenheid reaksies oor die wederkoms van Jesus is, wil hy by die gelowige weet hoe hy voel oor die wederkoms van Jesus. Die gelowige antwoord dat hy regtig uitsien na die wederkoms van Jesus. Christus se wederkoms is 'n troosryke gebeurtenis wat sal plaasvind op die dag wat God self bepaal het. Hierop vra die vraagsteller: **Hoe word jy getroos deur die wederkoms van Christus om die lewendes en die dooies te oordeel?**

Broers, susters en kinders, vir gelowiges is daar geen twyfel oor die wederkoms van Jesus Christus nie. Jesus het self gesê dat Hy op die wolke van die hemel sal terugkeer om oor die lewendes en die dooies te oordeel. Die wederkoms is dus net so waar as wat Jesus se geboorte, kruisiging en opstanding waar is. Na Jesus se hemelvaart het die apostels, en na hulle die ander predikers, oor en oor verkondig dat die wederkoms naby is.

Toe Paulus in Tessalonika die evangelie van Jesus verkondig het, het hy hulle ook vertel van die dag van die Here wanneer Jesus weer op die wolke van die hemel gaan terugkom. Na drie weke moes Paulus inderhaas uit Tessalonika vertrek. Dit het hierdie gelowiges met 'n klomp vrae oor die wederkoms van Jesus agtergelaat. En hulle het gewonder wanneer Jesus dan nou sal terugkom. Na 'n geruime tyd kon Paulus dit nie langer uithou nie. Daarom het hy vir Timoteus na die Tessalonisense gestuur om te hoor hoe dit met hulle geloof gaan. Hulle sou seker vir Timoteus uitgevra het oor die tyd en omstandighede van Jesus se wederkoms. Timoteus het hierdie vrae na Paulus gebring en nou beantwoord hy die vrae in hierdie brief.

Paulus het dadelik agtergekom dat die gelowiges 'n verkeerde oplossing het vir die vrae oor die wederkoms van Jesus. Om die dag en datum van Jesus se wederkoms te weet is nie die regte oplossing vir al die vrae oor die wederkoms van Jesus nie. Die gelowiges in Tessalonika het dit egter nie gevra omdat hulle nuuskierig was nie. Hulle het geredeneer, as ons maar net weet op watter dag dit gaan gebeur, dan kan ons behoorlik gereed wees vir die Here. Ons wil tog ook weet wanneer iemand belangrik ons gaan besoek sodat ons betyds gereed kan maak om die besoeker te ontvang. Ons wil nie onkant betrap word nie. Dit is in hierdie lyn wat die Tessalonisense geredeneer het. Hulle wil net betyds gereed wees en nie in die verleentheid kom nie.

Om die gelowiges in Tessalonika en vir gelowiges vandag weg te lei van die verkeerde oplossing vir die vrae oor die wederkoms van Jesus, sê Paulus dat dit nie nodig is om oor die tyd van die wederkoms te skryf nie, want gelowiges weet dat Jesus soos 'n dief in die nag sal kom. Wanneer mense begin dink dat dit nog eintlik baie lank is voor die wederkoms en hulleself gemaklik maak in die tyd waarin hulle lewe, dan sal die oordeel hulle skielik oorval soos die geboortepyne 'n swanger vrou oorval.

Met hierdie twee beelde verduidelik die Heilige Gees aan ons dat dit eintlik sinloos is om te probeer agterkom op watter dag en datum Jesus gaan terugkom. 'n Dief stuur nie vir die huiseienaar betyds 'n poskaartjie om te sê op watter dag hy gaan kom inbreek nie. Hy kom net skielik en onverwags. Almal van ons weet dat 'n dief enige oomblik kan toeslaan, daarom is ons nie so dom om vir 'n kennisgewing te wag nie. Ons tref voorsorgmaatreëls as daar 'n dief sou wil inbreek.

As Jesus self sê dat sy koms sal wees soos 'n dief in die nag, wil Hy die gelowiges nie op hol jaag nie, maar Hy leer hulle om gereed te wees. Ons moet ook nie dink omdat dit nou al so lank is vandat Hy gesê dat Hy sal kom, dat dit nog baie lank is voordat Hy kom nie. Niemand weet wanneer Hy gaan kom nie.

Daarom gebruik die Heilige Gees ook die beeld van die geboortepyne om Jesus se koms aan ons te verduidelik. 'n Swanger vrou weet dat die babatjie gebore sal word, sy verwag sy koms, maar sy kan nie presies uitwerk wanneer die geboortepyne sal begin nie. Sy weet die geboortepyne sal haar skielik oorval en dit is onvermydelik. Daar is nie wegkomkans nie.

Ons weet dat Jesus sal kom, want Hy self het so gesê. Daarom kan ons Hom verwag, soos 'n swanger vrou op die geboorte van die babatjie wag. Jesus se koms is ook onvermydelik, dit moet gebeur, net soos wat die geboortepyne moet kom.

Met hierdie twee beelde oor die skielike, onverwagse en onvermydelike koms van ons Here Jesus lei die Heilige Gees ons na die regte oplossing wanneer dit kom by die vrae oor die wederkoms van Jesus. Ons moet altyd gereed wees vir sy koms.

Die dag van Jesus se wederkoms sal gelowiges nie onverwags oorval soos 'n dief in die nag nie. Jesus se koms en die einde van die wêreld sal nie vir die gelowige 'n verrassing wees nie. Daar is twee redes hoekom mense deur 'n dief lelik verras word. Die eerste rede is dat die dief onverwags kom. En die tweede rede is dat die huiseienaar gewoonlik aan die slaap is wanneer hy kom. Aan die eerste rede kan 'n mens niks doen nie. Die dief gaan jou nie vroegtydig waarsku dat hy gaan kom inbreek nie. Aan die tweede rede kan die huiseienaar wel iets doen. Christus se koms op die wolke, so sien ons dit in albei die beelde wat die Heilige Gees gebruik, is skielik. Daaraan kan ons niks doen nie. Maar aan die tweede rede kan ons wel iets doen. Ons kan nugter en waaksaam wees.

Met die teenstelling tussen nag en dag in vers 4 tot 8 leer die Heilige Gees hoekom gelowiges gereed, nugter en waaksaam kan wees vir die koms van Christus. Ons weet tog almal dat 'n dief graag in die nag kom sodat hy nie gesien kan word nie en die huiseienaar aan die slaap is. Of as die huiseienaar wakker is, is hy in 'n ontspanne luim. Daarom is die koms van die dief 'n verrassing. As die dief maar in die dag gekom het, kon 'n mens wakker en nugter gewees het.

Net so is dit met die wederkoms van Christus. Sal Hy in die donkerte of in die helder daglik kom? En nou praat ons nie van die letterlike nag en dag nie, maar van die geestelike toestand van die mense. Johannes skryf in die evangelie dat Jesus die lig vir die wêreld is. Met sy koms het daar lig vir die mense op aarde gekom. Deur Jesus kan mense God die Vader leer ken, kan hulle agterkom wat reg en verkeerd is. Iemand wat dus in Jesus Christus glo en met Hom in 'n verhouding lewe, is in die lig van die dag. Die mense wat egter nog nie tot bekering gekom het en nie in Christus glo nie, verkeer nog in die duisternis. En hulle wil ook nie hê dat almal weet van die dinge wat hulle doen nie. Iemand wat in die duisternis is, nog voluit in sy sonde lewe, is bang vir die koms van Christus, want dan gaan al sy verkeerde dinge aan die lig kom. Vir so 'n mens sal die koms van Christus hom oorval soos 'n dief in die nag.

Gelowiges is egter mense van die lig en die dag. Hulle lewe in die lig van Christus en volg Hom. Die Heilige Gees vertroos gelowiges oor die wederkoms van Jesus en die einde van die wêreld. Hy sê vir gelowiges: Julle leef mos nie in die duisternis nie. Julle is tog almal mense van die lig, mense van die dag. En in vers 8 sê Hy dit vir die derde keer: Julle is mense van die dag.

Aangesien die gelowiges mense van die lig en van die dag is, roep Paulus hulle op: laat ons dan wakker bly en nugter wees. Mense wat wakker en nugter is, sal nie verras wees wanneer Christus kom en die einde van die wêreld aanbreek nie. Nee, soos 'n swanger vrou weet gelowiges dat Christus beslis gaan kom, dit is onvermydelik, daarom wag hulle op Hom.

Maar hoe bly 'n mens waaksaam en nugter vir die koms van Jesus. In vers 8 gee die Heilige Gees vir ons die antwoord. Gelowiges moet geloof en liefde as borsharnas aanhê en die hoop op verlossing as helm op die kop. Geloof, hoop en liefde is drie bekende begrippe uit die baie bekende hoofstuk – 1 Korintiërs 13. Maar wat word hier met elke begrip bedoel?

Die eerste ding wat 'n mens aangaande hierdie drie begrippe opmerk, is dat hulle al drie na buite gerig is. Geloof is gerig op God, liefde is gerig op God en ander mense en hoop is gerig op die toekoms, in besonder op die koms van Jesus Christus. Wanneer 'n mens opmerk dat daar by hom geloof, hoop en liefde is, kan hy seker wees dat die Heilige Gees kragtig in hom aan die werk is.

Die tweede ding wat ons opmerk aangaande hierdie drie begrippe is dat geloof, hoop en liefde nie maar net sulke abstrakte dinge is wat niemand sien en wat geen verandering in 'n gelowige veroorsaak nie. Nee, al drie hierdie dinge wat die Heilige Gees in gelowiges werk, bring iets voort. Iets gebeur in hulle lewens.

Ware geloof in God lei daartoe dat gelowiges goeie werke begin doen. Geloof in Jesus Christus maak dat 'n gelowige nie net meer net aan homself dink nie, maar dat hy ook aan ander mense begin dink en anders na ander mense begin kyk. Ware geloof maak dat 'n mens God begin gehoorsaam omdat jy Hom liefhet. En liefde vir God lei daartoe dat die gelowige met liefde teenoor ander mense begin optree. Gelowiges stel die belange van

hulle naaste bo hulle eie belange. Hulle wil iets doen wat voordelig sal wees vir ander mense. En hierdie geloof en liefde word aangevuur deur die hoop wat die Heilige Gees in gelowiges werk. Christene sien uit na die wederkoms van Jesus Christus, want dan breek hulle verlossing finaal en volledig aan. Met die koms van Christus sal die sonde geheel en al uit die lewens van die gelowiges verdwyn, vir altyd en ewig.

Geliefdes, die mens wat so in geloof lewe en die geloof kroon met liefde en hoop, is 'n nugter en wakker mens. Die koms van Christus en die einde van die wêreld is vir so 'n mens nie skrikwekkend nie, maar 'n heerlike vooruitsig.

Maar waarop berus die hoop dat gelowiges finaal en volledig verlos gaan word wanneer Jesus Christus terugkom? Daar is reeds twee redes genoem hoekom Christene nie bang hoef te wees vir die einde van die wêreld nie. Die een rede: Hulle is wakker en nugter, want deur die werk van die Heilige Gees het hulle geloof en liefde as borsharnas aan en hulle het hoop op verlossing as helm op. Die ander rede: Gelowiges is mense van die lig en die dag. Nou die derde en die grootste rede, en dit handel oor wie God is en wat Hy gedoen het.

God het sy kinders nie bestem om gestraf te word nie, maar om deur die Here Jesus Christus verlos te word. Christus het immers in die plek van gelowiges gesterf sodat hulle by sy koms saam met Hom kan lewe. Ons weet almal dat die straf op die sonde die dood is. Ons bely elke Sondag dat Christus as Regter terugkom om te oordeel oor die lewendes en die dooies. Maar dit skrik Christene nie af nie, want hulle weet ook dat hulle vonnis op die sonde, die dood, nie maar net opgeskort of uitgestel is nie. Christus het die straf vir hulle sondes reeds gedra. Hy het gesterf. En met sy betaling vir hulle skuld het Hy hulle met God versoen. Hierdie selfde Christus wat in die plek van die gelowiges gesterf het en hulle verlos het, kom as Regter om te oordeel. En sy beslissing oor die gelowiges is deur Hom en sy Vader klaar uitgemaak. Hulle vir wie Christus klaar betaal het, sal vir ewig saam met Hom lewe.

Ons God is betroubaar. Hy verander nooit een van sy besluite nie. Hy het sy kinders bestem om verlos te word deur Jesus Christus. As jy dan deur die Heilige Gees oortuig is dat Christus jou ook verlos het, kan jy seker wees dat die einde van die wêreld en die wederkoms van Christus vir jou en jou medegelowiges net goeie dinge inhou. Julle sal finaal en volledig verlos wees. Julle sal nooit weer sonde hê of kan doen nie. En julle sal vir ewig saam met God op die nuwe aarde kan lewe. Ware Christene is nie bang vir die einde van die wêreld nie. Hulle sien daarna uit en is gereed daarvoor.

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 2-4:1, 2, 3 (Sb 33)

- 1 Wat 'n liefde^o en volheidslewe, / waar ons bly ons in beroem,
het die Vader ons gegewe / dat Hy ons sy kinders noem!
Maar die wêreld weet van dié / wat uit God gebore is, nie,
het die kennis van die Heer nie / as hul hoogste goed begeer nie.
- 2 Wat die Heer nog meer vervul het, / bly verborge; tot die stond
al die wonders ons onthul het / van die eewige vree-verbond.
Ja, wanneer die Here kom, / dan word ons gelyk aan Hom,
want ons sal in klare^o omlyning / Hom aanskou in sy verskyning.

3 Wie die Midd'laar se verskyning / inwag uit die heiligdom,
soek van harte die verreining / wat daar uit sy sterwe kom.
Teen die sonde duur die stryd: / "Sondeⁿ is ongeregtigheid!
Maar ons leweⁿ uit God gebore, / is tot heilig-wees verkore!"

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
20 Augustus 2017